**Maandag 2 Desember**

| **Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 14:9-13; 16:12-16; 19:5-10; 20:1-6; 22:6, 7, 10-21** | **Fokusgedeelte: Openbaring 1:1-3** |
|---|---|

**Jesus verskyn tot ons verlossing (2)**

Die Here lê nadruk op die waarheid en die waarde van die dinge wat in Openbaring meegedeel word. Die Here spreek daarna ’n seën uit: *Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby* (vs 2).

Die Here praat hier van die heil wat die geloof in en lewe volgens die inhoud van hierdie boek meebring. Die mense wat glo wat in hierdie boek geopenbaar word, en wat daarvolgens kan lewe, is salig.

Die Here plaas ons in ’n verhouding waarin ons sy wil, genade en Goddelike almag uit die Woord moet voordra, en dit wat voorgedra word, moet inneem. Vir die mense wat so met die Bybel omgaan, is die Here se waardering so hoog dat Hy sê hulle is salig.

Die opdrag “bewaar” het natuurlik ’n besondere betekenis: Ons moet die Woord van God só lees en hoor dat ons dit onthou. Die onthou moet van so ’n aard wees dat ons gedagtegang en ons wil, ons hele innerlike bestaan en ons uitwendige gedrag beheers moet word deur die inhoud van die Bybel.

Daar is ’n baie sterk aansluiting tussen hierdie “bewaar”-opdrag wat in die laaste Bybelboek aan ons gegee word en die “bewaak”-opdrag wat die Here aan Adam gegee het in die paradys. Hy moes (en kon) die skepping net bewaak in ooreenstemming met God se volle wil (soos dit later in sy Woord aan ons geopenbaar is). Die Here gryp met hierdie eerste saligspreking in die boek Openbaring terug na die begin van die skepping toe, en dan veral na die opdrag waarmee Hy ons in die toekoms ingestuur het.

As ons die krag van die Here Jesus se verlossing verstaan, sal ons ook verstaan dat Hy ons daardeur bekwaam maak om sy Woord te leer, te gehoorsaam – sodat ons Hom daarmee tegemoet leef totdat Hy kom. Dis waarom Hy God die Heilige Gees op die kerk uitstort om ons in die volle waarheid van ons Saligmaker te onderrig.

*Sing: Psalm 118-1:13*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*